'n Uitbreiding van die omvang van administratiefreg wat van besondere voordeel vir die omgewing sal wees, is om te vereis dat redes vir administratiewe besluite gegee moet word. In die verslag van die Suid-Afrikaanse Regskommissie word die volgende klousule aanbeveel:

### **Billikheidsreëls**

*Individue en groepe persone wie se regte en regmatige verwagtinge deur enige administratiewe verrigting of optrede aangetas mag word, is daarop geregtig dat die reëls van billikheid in so 'n administratiewe proses toegepas word en dat redes op aanvraag gegee word vir besluite wat geneem is.*

Die insluiting van so 'n klousule sal eweneens die belang van die omgewing dien.

## AANBEVELINGS

Opsommend is die belangrikste aanbevelings die volgende:

**DAT BEPALINGS OOR DIE OMGEWING IN DIE GRONDWET VERVAT WORD, BEIDE AS BASIESE REGTE EN AS RIGTINGGEWENDE NORME. DIE BEPALINGS MOET AL DRIE DIE KOMPONENTE VAN OMGEWINGSREGTE EN VERPLIGTINGS WAT HIERBO GEMELD IS INSLUIT. DIE BEWOORDING DAARVAN EN DIE VORM WAT DIT SAL INNEEM SAL AFHANG VAN HOE DIE NUWE GRONDWET DAAR UITSIEN.**

**DAT DIE ANDER AANBEVELINGS TEN OPSIGTE VAN ADMINISTRATIEFREG OOK AANVAAR WORD VIR INSLUITING IN 'N NUWE GRONDWET.**

## BRONNELYS

1. Suid-Afrikaanse Regskommissie, Werksdokument 25, Projek 58, Group and Human Rights, Augustus 1989, 491 pp.
2. Suid-Afrikaanse Regskommissie, Interimverslag, Projek 58, Group and Human Rights, Augustus 1991, 702 pp.
3. P D Glavovic, Human Rights and Environmental Law: the case for a conservation bill of rights (1988) 21 CILSA 52.
4. Albie Sachs, Protecting Human Rights in a New South Africa (1990) 139.
5. J I Glazewski, The Environment, Human Rights and a New South African Constitution (1991) 7(2) SAJHR 167 - 184.
6. M A Rabie, A Constitutional Right to Environmental Integrity: A German Perspective (1991) 1(2) SAJHR 208 - 214.
7. H Corder et al, A Charter for Social Justice: A contribution to the South African Bill of Rights debate.
8. B van Niekerk, An Ecological Norm in South Africa (1975) 92 SALJ 78.
9. E Brandl en H Bungert, Constitutional Entrenchment of Environmental Protection: A comparative analysis of experiences abroad. "The Harvard Environmental Law Review" 1
10. Regeringsvoorstel, A Charter for Fundamental Rights, 2 February 1993.



wingsbestuur (GOB) wat deur die Raad vir die Omgewing ontwikkel is

- die identifisering, instandhouding en ontwikkeling van gebiede van kulturele, historiese en natuurlike waarde bevorder.

*Aangaande afvalbestuur en besoedelingsbeheer sal die staat deur die bepaling van beleid daadwerklike steun gee aan*

- *die verwerking van afval waar dit ontstaan*
- *die vermindering, hergebruik en hersiklering van afval*
- *die bevordering van skoon tegnologie*

## ANDER KLOUSULES WAT OMGEWINGSBESKERMING BEVORDER

In die administratiefreg is daar drie gebiede wat vir die omgewing van besondere belang is. Hulle is die kwessie van **locus standi**, **die reg van toegang tot die feite waarop besluite baseer is** en **die reg om voorsien te word van redes vir administratiewe besluite**.

### Locus standi

Die Regskommissie het die individu se reg op locus standi in breë verband eerder as net met verwysing na die belang van die omgewing deeglik oorweeg. Dit het tot die slotsom geraak dat die reg tot locus standi uitgebrei behoort te word sodat 'n belanghebbende individu in eie reg of namens 'n spesifieke groep of klas persone, kan verskyn sonder dat van hom vereis word om werklike nadeel te bewys. Hierdie reg behoort dan in die Handves van Menseregte erken te word. Dit word dus aanbeveel dat die volgende klousule by die handves ingesluit word:

***"Enige individu, juridiese persoon of vereniging het ingevolge hierdie handves die reg om self of namens enige ander individu, groep of klas persone die geldigheid van enige wetgewende, uitvoerende of administratiewe handeling te toets deur by die toepaslike Afdeling van die Hooggeregshof aansoek te doen vir 'n verklarende bevel, al sou die applikant slegs 'n indirekte belang of nadeel kan bewys."***

Daar word aan die hand gedoen dat omgewingsbelang deur so 'n klousule gedien sal word. Daar sal egter gewaak moet word teen die misbruik van die klousule wat daardeur werklik wesenlike omgewingsaangeleenthede kan benadeel.

### Die reg van toegang tot inligting

Besluitneming oor omgewingsaangeleenthede word dikwels in die wiele gery omdat belangrike inligting daarvoor nie vryelik beskikbaar is nie. Om hierdie probleem die hoof te bied het die Europese gemeenskap onlangs 'n direktief aangekondig waarin die reg tot toegang tot inligting oor die omgewing vervat is. So 'n klousule kan moontlik soos volg bewoord word:

***Almal sal geregtig wees op insae in die inligting wat benodig word om hulle regte as landsburgers en verbruikers doeltreffend uit te voer.***

Dit is 'n verdere klousule wat die omgewingsbelang sal dien en die insluiting daarvan in 'n handves behoort dus tydens grondwetlike onderhandelinge bevorder te word.



Hierdie dokument konsentreer op die eerste twee vrae. Die derde vraag word nie behandel nie aangesien dit 'n politieke aangeleentheid en dus die verantwoordelikheid van die politiek onderhandelaars is. In beginsel word aanbeveel dat omgewingsvoorsiening in 'n nuwe grondwet tweeledig moet wees. Eerstens as 'n **FUNDAMENTELE REG** en tweedens as **RIGTINGGEWENDE NORME**. Omgewing moet dus as 'n fundamentele reg verskyn en ander aspekte as norme. In elk geval behoort al die elemente voorsien te word. Die volgende klousules word voorgestel.

### 'N FUNDAMENTELE REG

Die omgewingsklousule hiervoor kan soos volg lui:

***Alle burgers is geregtig op 'n omgewing wat skoon en besoedelingsvry is en op 'n redelike en billike toegang en gebruik van die land se hulpbronne.***

Daar moet op gelet word dat:

- hierdie reg wat positief gestel is, ook negatief omskryf kan word sonder om die betekenis daarvan te verander. Ingevolge hierdie bepaling is die mens geregtig om te leef in 'n omgewing wat aan sekere minimum standaarde voldoen sonder om 'n onbeperkte en oorvloedige lewenstyl, wat in elk geval moeilik afdwingbaar, is te waarborg. Deur hierdie basiese reg te verleen, word aan die beginsels van menswaardigheid voldoen;
- die reg antroposentrië is. Natuurlike voorwerpe word slegs beskerm tot die mate wat dit vir die mens van waarde is. Die toekenning van regte aan natuurlike voorwerpe, soos wat die 'Deep Ecology'-beweging voorstaan, word nie aanbeveel nie;
- menslike veiligheid en gesondheid word nie deur hierdie regte beskerm nie. 'n Duideliker maatstaf kan moontlik geskep word deur die reg aan die mens s'n eerder as aan die omgewing se welsyn te koppel. Dit word egter

aanbeveel dat die klem hier op die omgewing eerder as op die mens geplaas word;

- die beskerming wat deur hierdie reg verleen word is wel wyd. 'n Algemene klousule in die Handves van Menseregte wat 'n beperkende uitleg magtig sal egter die misbruik van hierdie reg voorkom of temper.

### RIGTINGGEWENDE NORME

Die rigtinggewende norme wat aanbeveel word kan in twee groepe verdeel word: dié wat betrekking het op die bewaring en gebruik van hulpbronne en dié wat betrekking het op die beheer van besoedeling. Eersgenoemde aanvaar norme wat wêreldwye steun geniet soos die vereiste vir volhoubare ontwikkeling en die handhawing van biodiversiteit. Laasgenoemde steun ook op algemeen aanvaarde norme vir die beheer van besoedeling en afvalbestuur soos vermindering van afvalstroom, hergebruik en hersiklring. Die volgende rigtinggewende norme word dus aanbeveel:

**Die staat en sy burgers moet verseker dat grond en natuurlike hulpbronne gebruik word op 'n wyse wat:**

- huidige sowel as toekomstige geslagte bevoordeel
- die ideaal van volhoubare ontwikkeling bevorder
- ekostelsels en verwante ekologiese prosesse onderhou, in besonder waar dit nodig is vir voedselproduksie, gesondheid, menslike oorlewing en volhoubare ontwikkeling
- biologiese diversiteit verseker deur fauna en flora te beskerm, veral waar dit endemies of bedreig is
- die invloed op die omgewing inagneem deur die gebruik van wetenskaplike stelsels soos die prosesse van Geïntegreerde Omge



## KATEGORIEË VAN MENSEREGTE

Dit is gebruikelik om tussen drie kategorieë, of soos dit gewoonlik genoem word, drie generasies van menseregte te onderskei. Hulle is die volgende:

### Eerste generasie regte

Dit is gewoonlik die tradisionele menseregte. Dit is die politieke, siviele of prosedure regte wat die individu beskerm. Die reg tot bestaan, eiendom en vryheid van beweging is tipiese voorbeelde van hierdie regte. Aangesien van die staat vereis word om hom te weerhou van sekere optrede, is dit al as negatiewe regte of vryheid-georiënteerde regte beskryf.

### Tweede generasie regte

Hierdeur word sosiale, ekonomiese en kulturele regte verleen. Aangesien hierdie regte van die staat vereis om pro-aktief te handel, is dit al as positiewe regte beskryf. Sulke regte sluit byvoorbeeld in die reg op werk, voeding, en die reg tot voldoende voedsel, klere, behuising en mediese sorg.

### Derde generasie regte

Daar bestaan heelwat onsekerheid oor 'n presiese omskrywing van derde generasie regte. Dit word egter algemeen aanvaar dat die regte in 'n groep eerder as 'n individu vestig. Hierdie regte sluit in die regte tot vrede, vooruitgang en omgewingsregte. Dit word algemeen aanvaar dat duideliker hou reeds gegee is aan omgewingsregte as aan enige van die ander derde generasie regte.

Die debat in Suid-Afrika wentel om die vraag welke regte in 'n handves

van menseregte beskerm moet word en welke tweede generasie regte daarby hoort. Die tradisionele weerstand teen die insluiting van tweede en derde generasie regte in 'n handves van menseregte berus daarop dat dit moeilik afdwingbaar, of regstegnies gesien, moeilik beregbaar is.

Een manier waarop hierdie probleem aangespreek is, is om in 'n Handves van Menseregte te onderskei tussen Basiese Regte enersyds en Rigtinggewende Norme andersyds. Die Indiese en Namibiese grondwette het, byvoorbeeld, die tweede en derde generasie regte (wat omgewingsbepalings insluit) in 'n ander deel van die grondwet ingesluit as dié deel waarin die eerste generasie regte vervat is.

Die begrip "Handves van Menseregte" word op verskillende maniere gebruik. Soms is dit 'n dokument wat los staan van die grondwet. Dit is dan gewoonlik meer omvattend omdat dit bepalinge bevat wat van toepassing is op al die regeringsinstellings. Die Handves van Menseregte kan ook deel vorm van die grondwet soos in Namibië. Soms dra die woorde 'Handves van Menseregte' 'n beperkte betekenis waar dit slegs verwys na basiese, beregbare (eerste generasie) regte. Soms dra dit 'n wyer betekenis waar rigtinggewende norme ook ingesluit word.

## DIE REGSVRAAGSTUK

Dit is waarskynlik dat omgewingsmaatreëls ook in die Handves van Menseregte van 'n nuwe grondwet ingesluit sal word. Hieruit ontstaan die volgende vrae:

- *Hoe moet die omgewingsklousules lui en in watter vorm moet dit vervat word in 'n handves van menseregte?*
- *is daar ander klousules wat moontlik die beskerming van die omgewing kan bevorder wat in die grondwet vervat kan word? en*
- *hoe moet hierdie klousules deur die grondwetlike onderhandelingsproses geloods word om te verseker dat dit in 'n aanvaarbare vorm in 'n toekomstige handves van menseregte sal verskyn?*



## OMGEWINGSBEPALINGS IN 'N NUWE SUID-AFRIKAANSE GRONDWET

### DIE AARD VAN OMGEWINGSOORWEGINGS EN DIE INLYWING DAARVAN IN GRONDWETLIKE BEPALINGS

Die aard van omgewingsoorwegings wat in die grondwet vervat moet word is tweeledig. In die eerste plek moet die aanwending van natuurlike hulpbronne die land se beperkte en verminderende hulpbronbasis sowel as die behoeftes van toekomstige geslagte in ag neem. Hierdeur word erkenning verleen aan die internasionaalerkende beginsels van volhoubare gebruik van hulpbronne en volhoubare ontwikkeling sowel as die bewaring van biodiversiteit. In die tweede plek moet die besoedeling wat deur ekonomiese ontwikkeling en ander menslike aktiwiteite veroorsaak word, beperk word as dit nie gestuit kan word nie. Die eerste uitgangspunt moedig positiewe, skeppende optrede aan terwyl die tweede die nadelige gevolge van menslike aktiwiteite probeer voorkom of beperk.

Hierdie omgewingsbelange moet in die omgewingsklousules van die grondwet beslag kry. Die omgewingsklousules moet in wetsterme drie kategorieë van omgewingsregte omvat. Die kategorieë is onder meer ontleen aan omgewingsbepalings in die grondwette van etlike ander lande. Hulle is:

- *klousules wat omgewingsregte verleen;*
- *klousules wat van die staat vereis om natuurlike hulpbronne te beskerm en besoedeling te beheer; en*
- *klousules wat landsburgers verplig om die omgewing te bewaar en te beskerm.*

Voordat die regspraak oor die metode vir die insluiting van omgewingsbelang in die grondwet egter beantwoord word, is daar basiese kategorieë van menseregte wat eers aangestip moet word.



## OMGEWINGSKRITERIA IS FUNDAMENTEEL TOT DIE VASSTELLING VAN STREEKSGRENSE

Omgewingsoorwegings vereis dat streeksafbakening op ekologiese beginsels gebaseer moet word. Dit sluit fisiografiese en fauna- en flora-eienskappe in, die lewende en nie-lewende hulpbronbasis en totale natuurlike stelsels soos in rivieropvanggebiede. Menslike ekologiese stelsels moet 'n fundamentele omgewingskriterium wees in die afbakening van streke. Dit is onderskeibaar as menslike vestiging op alle vlakke van die beboede omgewing. Hierdie ruimtelike verspreiding word gekenmerk deur gesentraliseerde of liniêre stelsels, veral as onderdele van groot stede en metropole.

## SUID-AFRIKA - 'N WêRELD IN EEN LAND

Die Raad vir die Omgewing beroep hom op alle Suid-Afrikaners en sy huidige en toekomstige leiers om verantwoordelikheid te aanvaar vir die volhoubare gebruik en beskerming van Suid-Afrika se wonderlike rykdom van natuurlike en menslike hulpbronne. Dié diversiteit van hierdie hulpbronne word vervat in die slagspreuk "Suid-Afrika - 'n wêreld in een land".

### DIVERSITEIT: 'N WêRELD IN EEN LAND

- *Diversiteit van klimaat, topografie en ekosistels.*
- *Meer as 20 300 spesies van blomplante, 800 van voëls, 243 van soogdiere, 84 van amfibieë en 286 van reptiele.*
- *580 beskermde gebiede op 72 miljoen hektaar.*
- *Toerismebedryf ter waarde van R3 150 m, 35% buitelandse valuta.*
- *Diversiteit van mense, tale en kulture.*

(South African Environments into the 21st Century Brian Huntley, Roy Siegfried en Clem Sunter. Tafelberg, 1989)

## ONS OMGEWINGSRYKDOM VERENIG

Baie van ons hulpbronne is uniek en kan nêrens anders op aarde gevind word nie. Daarin is opgesluit die genesende balsem, die helende medisyne waardeur Suid-Afrika 'n nuwe begin kan maak. Dis 'n geleentheid om brûe van begrip te bou, werksgeleenthede te skep, buitelandse valuta te verdien, die gemeenskap op te hef en verwagtinge te bevredig. Ons natuurlike en kulturele hulpbronne is 'n middel om te bewaar wat onskendbaar is, en 'n gemeenskaplike erfenis daar te stel waarop ons almal trots kan wees. Ons moet besef hoe belangrik dit is om 'n gevoel onder ons mense te ontwikkel dat ons almal aan dieselfde nasie behoort. Daar is nie 'n beter wyse om dit te kry nie as om 'n respek vir die omgewing, sy bewaring en gebruik te ontwikkel.

**DIE RAAD VIR DIE OMGEWING DOEN 'N ERNSTIGE BEROEP OP ALLE PARTYE WAT BY DIE GRONDWETLIKE ONDERHANDELINGS-PROSES BETROKKE IS OM DIE BELANGRIKHEID VAN 'N GESONDE OMGEWING, BEIDE IN DIE NATUURLIKE EN IN DIE BEBOUDE OMGEWING, IN ENIGE GRONDWETLIKE BEDELING TE ERKEN EN OM DIT IN ONS NUWE GRONDWET EN HANDVES VAN MENSEREGTE TE VERSKANS.**



## **DIE SENTRALE REGERING MOET AS WAGHOND OPTREE**

Nadat die beskerming van die omgewing in 'n toekomstige staatkundige bedeling verskans is, moet die staat die rol van waghond vervul en toesien dat die streke 'n gesonde volhoubare omgewingsbestuursbeleid implementeer. Voldoende beskermingsmaatreëls moet op die hoogste vlak ingestel word ten einde te verseker dat Suid-Afrika volhoubare ontwikkeling kan verwesentlik. Die verantwoordelikheid van die sentrale regering is beleidsformulering en die skep van 'n struktuur vir verslagdoening. Die bestuur van sekere omgewingsfunksies word aan streeksowerhede gedelegeer.

## **STREEF NA 'N REGVERDIGE VERDELING VAN OMGEWINGSHULPBRONNE**

Die toekomstige regering moet deur sy omgewingsaksies verseker dat die gebruik van volhoubare hulpbronne regverdig versprei word tussen individue en groepe. Sodoende moet omgewingskoste en -voordele die hele Suid-Afrikaanse gemeenskap toekom.

## **DIE SENTRALE REGERING IS VERANTWOORDELIK VIR INTERNASIONALE OMGEWINGSKAKELING EN VERPLIGTINGE**

Die nuwe Suid-Afrika sal deel wees van internasionale omgewingsoptrede. Die land sal sy verantwoordelikheid moet aanvaar vir die beskerming en bestuur van die wêreld se gemeenskaplike omgewings: die oseane, lug, water en die beheer van besoedeling en gevaarlike afval. Die sentrale regering is verantwoordelik vir internasionale ooreenkomste, protokols en konvensies. Die eerste stap tot samewerking is om volle gesamentlike verantwoordelikheid te aanvaar saam met die suidelike Afrikastate vir die toepassing van internasionale omgewingskonvensies.

## **DIE OORGROTE MEERDERHEID VAN SUID-AFRIKANERS SAL IN DIE BEBOUDE OMGEWING WOON**

Dit is 'n bron van kommer dat die kritiese beplanning en bestuur van die beboude omgewing, waar 90% van die bevolking binnekort sal leef, werk en speel, in ons grondwetlike onderhandelings verwaarloos word. Konsensus oor 'n grondwetlike bedeling sal van min waarde wees sonder die basiese erkenning dat gewerk moet word aan oplossings vir die verbetering van mense se lewensgehalte in die beboude omgewing.

## **EKOTOERISME SAL SLEGS IN 'N NATUURSKOON OMGEWING FLOREER**

Omgewingsorg wat in 'n toekomstige politieke bedeling ingebou word sal ook die volhoubare gebruik van Suid-Afrika se hulpbronne verseker en sodoende 'n groeiende ekotoerismebedryf ondersteun. Die buitelandse valuta wat gedurende die afgelope jare deur die toerismebedryf verdien is, die verwagte toenames en die skepping van werksgeleenthede bring die besef hoe 'n belangrike rolspeler hierdie bedryf vir ons nasionale ekonomie sal word. 90% van die toeriste kom besigtig ons natuurlewe, natuurskoon en kultuurgeskiedenis. Toekomstige regerings moet dus besef dat die bestuur van beide die beboude en natuurlike omgewing van uiterste belang is vir 'n florerende ekotoerismebedryf en dus vir die welvaart van die land.

## **GESONDE KRITERIA VIR STREEKGRENSE IS UITERS BELANGRIK**

'n Moontlike nuwe streeksbedeling vir Suid-Afrika moet gebaseer wees op streke wat ooreenkomstig gesonde kriteria afgebaken is soos van toepassing op die Suid-Afrikaanse mens- en natuurlike omgewing. Sulke kriteria moet kulturele, vestigings-, ekonomiese, historiese, administratiewe, politieke, taal- en omgewingsoorwegings insluit.



Op 2 Februarie 1990 het die Staatspresident, mnr F W de Klerk, die Republiek van Suid-Afrika op die pad van onderhandeling na 'n staatkundige bedeling vir die nuwe Suid-Afrika geplaas.

Sedertdien het die gesprek gewentel rondom die vraag: "hoe moet die nuwe staatkundige bedeling lyk"? Onderhandelings daaroor is onderbreek maar hervat nou weer. Dit lyk asof die debat die kwessie van verdeling van funksies tussen die eerste en tweede owerheidsvlakke sterk na vore gaan bring, veral indien 'n streeksdispensie in een of ander federale model steun verwerf.

Hoe dit ookal sy, die Raad vir die Omgewing begewe hom nie in hierdie politieke debat nie, maar is vas oortuig van die noodsaak dat omgewingsoorwegings 'n baie hoë prioriteit in die agenda vir die onderhandelingsproses moet geniet. Daarsonder kan daar nie 'n suksesvolle nuwe Suid-Afrika wees nie. Daarom moet die volgende omgewingsoorwegings voorkeuraandag op die agenda vir die onderhandelings kry.

#### **OMGEWINGSORG IS 'N NASIONALE VERANTWOORDELIKHEID VAN DIE STAAT**

Die nasionale verantwoordelikheid van die staat soos dit in enige toekomstige regering van die nuwe Suid-Afrika gevestig sal wees, is om met die ondersteuning van al sy burgers, die omgewing en al sy hulpbronne in die natuurlike en mensgemaakte omgewings te beskerm en sinvol te bestuur vir volhoubare gebruik deur huidige en toekomstige geslagte van Suid-Afrikaners. 'n Nuwe regering sal so sy plig doen om by te dra tot 'n veilige, gesonde en hoë kwaliteit leefomgewing vir almal.

#### **OMGEWINGSORG MOET AS 'N SENTRALE REGERINGSFUNKSIE IN DIE NUWE GRONDWET VERSKYN**

Staatsverantwoordelikheid vir omgewingsbestuur met sy verwante funksies moet eerstens grondwetlik vervat word as 'n belangrike sentrale regeringsfunksie ongeag die graad van devolusie en/of delegasie wat in die praktyk nodig of haalbaar is.

#### **VERKRY 'N BALANS TUSSEN NASIONALE OMGEWINGSBELEID EN UITVOERENDE OMGEWINGSFUNKSIES OP DIE STREEKSVLAK**

'n Ewewig moet gevind word tussen nasionale omgewingsbeleid en funksionele outonomie op streeksvlak. Watter model ookal ontwikkel word, moet die sentrale regering besef dat die gesonde bestuur van beide die natuurlike, sowel as die beboude omgewing, van uiterste belang is. Dit vereis oorhoofse beleidsriglyne sowel as monitering en beheer vanuit die nasionale vlak. Terselfdertyd skep dit streeks- en plaaslike regeringsuitvoerende funksies vir die omgewing in soverre dit raadsaam en haalbaar is.

#### **STREWE NA EWEWIG TUSSEN OMGEWING EN ONTWIKKELING**

Die regering se omgewingsverantwoordelikhede vereis rentmeesterskap en uiteindelijke verantwoordelikheid vir die kompromie wat aangegaan moet word tussen omgewingsbeperkings en die behoefte aan ekonomiese groei en ontwikkeling. Die regering moet erken dat:

**"'N VOORUITSTREWENDE EKONOMIE KAN NIE OP 'N BANKROT OMGEWING GEBOU WORD NIE"**



it sluit die verslae van die Suid-Afrikaanse Regskommissie (SAR),  
andpunte en beleidstukke van verskeie politieke groeperings in Suid-  
frika, grondwette van ander lande en die regering se jongste voorstelle  
r 'n Handves vir Fundamentele Regte in.

ierdie dokument sal hopelik 'n bydrae maak tot die insluiting van die  
ngewing as 'n belangrike faset van die nuwe bedeling en van 'n nuwe  
ondwet vir Suid-Afrika.

laart 1993

**OMGEWING  
IN DIE  
NUWE SUID-AFRIKA**





RAAD VIR DIE  
OMGEWING

**DIE RAAD VIR DIE OMGEWING DOEN 'N ERNSTIGE BEROEP OP ALLE PARTYE WAT IN DIE GRONDWETLIKE ONDERHANDELINGSPROSES BETROKKE IS OM DIE BELANGRIKHEID VAN 'N GESONDE OMGEWING, BEIDE IN DIE NATUURLIKE EN IN DIE BEBOUDE OMGEWING, IN ENIGE GRONDWETLIKE BEDELING TE ERKEN EN OM DIT IN ONS NUWE GRONDWET EN HANDVES VAN MENSEREGTE VAS TE LÊ**

Geagte politieke leier

Die verantwoordelikheid om deel te hê aan die onderhandelingsproses oor die nuwe Suid-Afrika is nou aan u opgedra. Die Raad vir die Omgewing glo dat u hierdie dure plig op 'n baie verantwoordelike wyse sal uitvoer. Om u by te staan in die uitvoering van hierdie belangrike taak lê die Raad hierdie dokument aan u voor. Dit onderstreep dat daar een onderwerp is wat net tot almal se nadeel buite rekening gelaat kan word; dit is die OMGEWING; en die versorging en wyse bestuur daarvan. Ons glo dat die omgewingsoorwegings wat in hierdie dokument vervat is u ernstige aandag behoort te geniet. Ons vertrou dat u dit as belangrik sal beskou en hierdie omgewingsaspekte as 'n hoë prioriteit op die agenda sal plaas. U sal vind dat 'n redelike mate van konsensus tussen alle politieke partye reeds bestaan oor die noodsaak van doeltreffende omgewingsorg in die nuwe Suid-Afrika.

Die dokument bestaan uit twee dele. Die eerste deel handel oor die omgewingsoorwegings wat op die agenda vir die onderhandelingsproses geplaas moet word en wat uiteindelik in 'n nuwe grondwet en handves van menseregte vervat moet word.

Die tweede gedeelte beantwoord die vraag: hoe moet daar vir die omgewing in die nuwe grondwet voorsiening gemaak word? Duidelike aanbevelings word ingevolge omgewingsreg gemaak nadat die agtergrond oor die kwessie geskets is. Hieruit sal blyk dat waardevolle voorbereidingswerk reeds gedoen is.